

12 Oktober

**Skrifgedeelte: Ester 4**  
**Fokusgedeelte: Ester 4:10-17**

**In jou grootste nood tree God vir jou in**

Watter nood of behoefte lê vandag swaar op jou hart? Is dit dalk verhoudinge met mense wat skeef loop, of miskien een of ander fisiese of geestelike behoefte wat jou kwel? Weet verseker dat die Here vir jou sal intree. Die Joodse volk was in 'n diepe krisis gedompel. Haman en Ahasveros het hulle doodsvonnis onderteken en dit was net 'n kwessie van tyd. Mordegai het egter geweet dat koningin Ester hulle enigste hoop op redding is en hy oortuig haar om vir haar volk in te tree by die koning en om vir hulle te pleit. Ester besef dat sy geen keuse het nie en moet optree ten spyte van die feit dat haar lewe op die spel was. Sy gaan pleit by die koning en so word die volk gered.

Met hierdie optrede is Ester 'n heenwysing na Christus wat sou kom om vir al ons sondes by God in te tree en so sy volk te red. Hy het dit gedoen deur nie net sy lewe op die spel te plaas nie, maar deur sy lewe vir ons op te offer. Daarmee het Hy ons van die ewige dood gered.

Op grond van hierdie daad van God kan ek en jy vandag weet dat Christus steeds vir ons by die Vader intree. Hy bid en pleit vir ons. Daarom moet ons nie bang wees of ons kwel oor die noodsituasies van ons lewe nie. Ons weet verseker: die Here sal vir ons intree.

Kry jy dit reg om in sulke situasies rustig te lewe en kalm te gaan slaap omdat jy die Here vertrou? Glo jy dat Hy vir jou sal intree? Moet jou daarom nie verder bekommer nie.

*Sing: Psalm 98:1,2*

*Ds P Venter (Rustenburg-Wes)*